Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

# HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

## VAK: EKONOMIE

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 13 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## OPDRAGTE EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae as volg in jou antwoordeboek.
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae
   - AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae

2. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae deeglik en begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en verseker dat die uitleg en die inhoud van jou antwoord aan die kognitiewe vereistes van die vraag voldoen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

9. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal NIE nagesien word NIE.

10. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1 (LU1 – LU3, AS2)

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die mees korrekte antwoord en SKRYF SLEGS DIE LETTER (A – C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die vloei van produksiefaktore in die ekonomiese kringloop staan bekend as …

A geldvloei.
B reële vloei.
C faktorvloei. (2)

1.1.2 Dit verteenwoordig 'n lekkasie uit die geldvloei, maar daar is geen keuse nie.

A Besparings
B Invoere
C Belasting (2)

1.1.3 Veranderinge in tegnologie, weer en natuurrampe, politieke veranderings, ens. is voorbeelde van ... faktore wat sakesiklusse beïnvloed.

A eksogene
B endogene
C ekonomiese (2)

1.1.4 Die ... verteenwoordig die verwagte groeikoers van 'n land indien die hulpbronne ten volle aangewend word.

A lengte/duur
B amplitude
C tendenslyn (2)

1.1.5 Dit is die kortste sakesiklus met 3 – 5 jaar tussen die boonste draaipunte.

A Kitchin-siklus
B Juggler-siklus
C Sakesiklus (2)

1.1.6 Wanneer private sektor vraag te laag is, het die regering drie keuses. Een hiervan is ...

A verminder belastings.
B verhoog belastings.
C verminder regeringsbesteding. (2)

1.1.7 Sedert die 3de kwartaal van 2008, beleef SA 'n ...

A opswaai.
B afswaai.
C piek. (2)

1.1.8 Dié deel van die openbare sektor wat by nasionale kwessies soos veiligheid en sekuriteit, buitelandse sake en internasionale handel betrokke is.

A Plaaslike owerheid
B Provinsiale owerheid
C Sentrale owerheid (2)

1.1.9 Belasting gehef op die inkome of kapitaal van 'n individu of sake-onderneming.

A Direkte belasting
B Indirekte belasting
C Belasting op Toegevoegde Waarde (2)

1.1.10 Die verhouding tussen belastingkoerse en belastinginkome word verduidelik deur middel van 'n ... kurwe.

A Louis
B Laffer
C Lorenz (2)

1.1.11 'n Land se wisselkoers bly konstant en wissel nie saam met veranderings in marktoestande nie. Hierdie stelsel staan bekend as 'n ... wisselkoers.

A beheerde swewende
B vry swewende
C vaste (2)

1.1.12 Toenemende interafhanklikheid tussen lande, veral ten opsigte van handel, word na verwys as ...

A globalisasie.
B liberalisasie.
C spesialisasie. (2)

(12 x 2) (24)

1.2 Kies uit die lys dié begrip wat die beste by elk van die stellings pas. Skryf slegs die korrekte begrip langs die korrekte vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in jou antwoordeboek neer.

| |
|---|
| Implisiete koste; Fiskale beleid; Marginale verbruiksgeneigdheid; Uitvoerverdienste; Handelsooreenkoms; Monetêre beleid; Buitelandse handel. |

1.2.1 Verwys na die owerheid se aanwending van belasting en besteding

1.2.2 Die verhouding tussen die waarde van uitvoere en invoere

1.2.3 Die waarde van insette wat die ondernemer self besit en in die produksieproses gebruik

1.2.4 Die persentasie van enige klein toename in inkome wat bestee eerder as gespaar word

1.2.5 Geld vloei die ekonomiese kringloop binne vanaf buitelandse lande wanneer hulle ons goedere koop (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n toepaslike omskrywing uit KOLOM B wat pas by die begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter ( A – I) van jou keuse langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in jou antwoordeboek.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Deregulasie | A Mark vir korttermyn besparings en lenings |
| 1.3.2 Kartel | B Beraam onbekende vanaf bekende feite en inligting |
| 1.3.3 Grondherverdeling | C Dui op verhouding tussen werkloosheid en inflasie |
| 1.3.4 Bruto Nasionale Inkome | D Oligopolieë wat amptelik en openlik saamspan |
| 1.3.5 Ekstrapoleer | E Die totale inkome verdien deur die inwoners van 'n land |
| 1.3.6 Geldmark | F Gehef op winste verdien uit die verkoop van kapitaalgoedere soos eiendom en aandele |
| 1.3.7 Kapitaalwinsbelasting | G Verdeling van die land se landbougrond aan voorheen benadeelde persone |
| 1.3.8 Phillipskurwe | H Verwydering van wette, regulasies en ander vorme van regeringsmaatreëls wat met markte inmeng |
| | I Die totale vraag in die ekonomie |

(8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A**: **50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die antwoordeboek.

## VRAAG 2 (LU1: MAKRO-EKONOMIE)

2.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die korrekte vraagnommer (2.1a – 2.1d) in die antwoordeboek neer.

(a) 'n Belasting op produkte sal veroorsaak dat die markprys (laer/hoër) is as die basiese prys.

(b) Die (lengte/amplitude) van 'n sakesiklus word gemeet van piek tot piek of trog tot trog.

(c) Die regering se bestedingsplan oor drie jaar staan as die (begroting/MTBR) bekend.

(d) Toeriste wat Suid-Afrika besoek het 'n (vraag na/aanbod van) rand. (4 x 2) (8)

2.2 Noem DRIE soorte ekonomiese aanwysers wat in vooruitskattings van sakesiklusse gebruik kan word. (3 x 2) (6)

**DATA RESPONS**

2.3 Verwys na die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:

> Die ekonomie is in ewewig as Y = R10 000m, S = R4 000m en I = R4 000m. REËNBOOG MYNBOU het besluit om R1 000m op 'n nuwe mynbouprojek in die Oos-Kaap te investeer.

2.3.1 Wat is 'n vermenigvuldiger? (3)

2.3.2 Wat verteenwoordig elk van die volgende letters?
(a) S
(b) I
(c) Y (3 x 2) (6)

2.3.3 Bereken die vermenigvuldiger op die R1 000m deur REËNBOOG MYNBOU geïnvesteer. Toon alle berekeninge. (6)

2.3.4 Teken 'n grafiek om die impak van die toename in investering aan te dui. (5)

2.4 Verduidelik enige DRIE komponente van die lopende rekening van die betalingsbalans. (16)
**[50]**

## VRAAG 3 (LU2: MIKRO-EKONOMIE)

3.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die korrekte vraagnommer (3.1a – 3.1d) in die antwoordeboek neer.

| **Kriteria** | **Volmaakte mededinging** | **Oligopolie** | **Monopolistiese mededinging** |
|---|---|---|---|
| Aantal besighede | Baie | (a) (Paar/Baie ) | Baie |
| Aard van die produk | (b) (Uniek/ Homogeen) | Homogeen & gedifferensieerd | Heterogeen |
| Toegang tot die mark | (c) (Geblok/Vry) | Wissel van vry tot beperk | Vry |
| Vraagkurwe | Horisontaal | Mag golwend wees | (d) (Horisontaal/ Afwaartse helling) |

(4 x 2) (8)

3.2 Lys enige DRIE vorme van nie-prysmededinging wat deur oligopolieë gebruik kan word. (3 x 2) (6)

**DATA RESPONS**

3.3 Die tabel toon inkome vir 'n volmaak mededingende onderneming. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Hoeveelheid (H) | Gemiddelde Inkome (GI) | Totale Inkome (TI) | Prys (P) | Marginale Inkome (MI) |
|---|---|---|---|---|
| 10 | | 200 | | |
| 20 | | 400 | | |
| 40 | | 800 | | |
| 70 | | 1400 | | |

3.3.1 Voltooi die tabel deur GI, P en MI te bereken. (6)

3.3.2 Wat kom duidelik na vore aangaande prys, gemiddelde inkome en marginale inkome onder toestande van volmaakte mededinging (volgens berekeninge in VRAAG 3.3.1)? (3)

3.3.3 Watter markkragte bepaal die prys wat deur ondernemings in volmaak mededingende nywerhede gehef word? (3)

3.3.4 Wat verhoed 'n volmaak mededingende onderneming om sy prys te verhoog ten einde 'n hoër wins te maak? (6)

3.3.5 By watter 'punt' behoort 'n besigheid onder volmaakte mededinging sy deure te sluit? (2)

3.4 Verduidelik 'gebrek aan inligting' en 'onbeweeglikheid/immobiliteit van produksiefaktore' as redes vir markmislukkings. (16)
**[50]**

**VRAAG 4 (LU3: EKONOMIESE STREWES, AS1 – AS2)**

4.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

4.1.1 Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die korrekte vraagnommer (4.1a – 4.1d) in die antwoordeboek neer.

(a) Suid-Afrika het 'n relatiewe (klein/groot) plaaslike mark wat nie so gesond is soos wat verwag word nie.

(b) Ontwikkelingskorridor kom voor as gevolg van (private/openbare) investerings.

(c) Die uiteindelike doel van elke land is (uitvoere/invoere) en die verhoging van inwoners se lewensstandaard.

(d) 'n Tekort aan finansiering vir die ontwikkeling van klein sake ondernemings frustreer industriële (groei/ontwikkeling).
(4 x 2) (8)

4.1.2 Lys die DRIE kern-insetsektore wat deur die regering voorsien word. (3 x 2) (6)

## DATA RESPONS

4.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Ekonomiese groei is 'n groot ekonomiese doelwit vir bykans alle lande in die wêreld. Alle lande strewe na groei en ontwikkeling. Ontwikkeling sluit in meer as die finansiële en materiële aspekte van menslike bestaan. Dit is 'n multidimensionele proses. Behalwe verbeterings in inkome en produktiwiteit, sluit ontwikkeling veranderings in sosiale, institusionele en administratiewe prosesse in. 'n Ekonomie wat groei ervaar is meer in staat om mense se behoeftes te bevredig en sosio-ekonomiese probleme op te los.
> Groei verminder die las van skaarsheid. In 2006 het die regering sy groei-inisiatief vrygestel, met die doel om een van sy doelwitte te bereik. Ekonomiese groei laat 'n nasie toe om ekonomiese objektiwiteit te behou en projekte aan te pak wat goedere en dienste benodig.
>
> Ekonomie UGO vir VOO Gr12 Bl. 152 (Aangepas)

4.2.1 Onderskei tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling. (6)

4.2.2 Watter wêreldwye ekonomiese probleem word na verwys in die uittreksel? (3)

4.2.3 Noem enige ander twee ekonomiese doelwitte van die regering (behalwe ekonomiese groei). (2 x 3) (6)

4.2.4 Watter inisiatief in Suid-Afrika streef na 'n gemiddelde ekonomiese groei van ten minste 6% teen 2014? (3)

4.2.5 Noem enige EEN van die doelwitte van die inisiatief genoem in VRAAG 4.2.4. (2)

4.3 Daar is groot mate van omstredenheid oor hoekom daar sulke verskille tussen Noord en Suid is. Verduidelik die Noord/Suid-verdeling en toon die verskille tussen die Noorde en die Suide. (16)
**[50]**

## VRAAG 5 (LU2: MIKRO-EKONOMIE + LU3: EKONOMIESE STREWES, AS2)

5.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig:

Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die korrekte vraagnommer (5.1a – 5.1d) in die antwoordeboek neer.

(a) MK = MI kan as 'n goue reël in (mikro/makro) -ekonomie beskou word.

(b) Onder volmaakte mededinging sal produkte (homogeen/heterogeen) wees.

(c) As gevolg van sy gebrek aan markkrag word die volmaak mededingende onderneming 'n prys- (maker/nemer) genoem.

(d) Oligopolie ondernemings is geneig om saam te span om uitsette te (verminder/vermeerder) en om pryse te laat styg ten einde ekonomiese wins te beïnvloed. (4 x 2) (8)

5.2 Lys DRIE opsies wat die staat het, (behalwe om selfvoorsiening) om merietegoedere te voorsien. (3 x 2) (6)

5.3 **DATA RESPONS**

NUWE STEENKOOL-AANGEDREWE KRAGSTASIE

'n Ekonoom is genooi om 'n KVO te doen van 'n voorgestelde nuwe steenkool-aangedrewe kragstasie, 10 km vanaf die hartjie van Kaapstad. Die kragstasie sal genoeg elektrisiteit produseer om te verseker dat Kaapstad geen verdere kragonderbrekings vir die volgende tien jaar sal ervaar nie.
Verder sal die oprigting en werking daarvan werk verskaf aan 'n hele paar honderd mense. Maar die kragstasie sal die omgewing, binne 'n radius van 10 km besoedel en 1 500 mense sal hul huise moet ontruim, sodat dit gesloop kan word om plek vir die kragstasie te maak. Steenkool sal per spoor en pad vervoer word.

Oxford Successful Economics. Bl 113 – Vryelik vertaal en aangepas

5.3.1 Verduidelik die begrip Koste-Voordeel-Ontleding. (3)

5.3.2 Omskryf die rasionaal vir 'n KVO. (2 x 2) (4)

5.3.3 Gee TWEE veranderlikes wat 'n ekonoom in ag moet neem om produksiekoste te kan bepaal. (2 x 3) (6)

5.3.4 Gee 'n voorbeeld van 'n groot projek waar 'n koste-voordeel-ontleding toegepas kan word. (2)

5.3.5 Noem enige TWEE voorbeelde van die mees relevante private koste. (2 x 3) (6)

5.4 Verduidelik kortliks enige VIER 'aansporings' wat onderskeie Suid-Afrikaanse regeringsdepartemente en -instellings aanbied, ten einde streeksnywerheidsontwikkeling aan te moedig. (16)

**[50]**

## VRAAG 6 (LU1: MAKRO- & LU2: MIKRO-EKONOMIE)

6.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig:

Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die korrekte vraagnommer (6.1a – 6.1d) in die antwoordeboek neer.

(a) Die vloei van goedere en dienste van besighede en die buitelandse sektor na huishoudings is 'n voorbeeld van (geld-/reële) vloei.

(b) 'n Wisselkoersstelsel sonder regeringsinmenging staan bekend as 'n (swewende/vaste) wisselkoersstelsel.

(c) Die koste wat onveranderd bly ongeag die vlak van uitsette, is die (veranderlike/vaste) koste.

(d) 'n Mark wat die optimale mengsel van goedere en dienste produseer, soos deur sy verbruikers vereis, word beskou as (allokatief/tegnies) doeltreffend. (4 x 2) (8)

6.2 Lys enige DRIE toestande waaronder samespanning suksesvol is. (3 x 2) (6)

6.3 **DATA RESPONS**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

**Suid-Afrika staar dreigende resessie in die gesig**

Daar is 'n "baie realistiese" risiko dat Suid-Afrika 'n ekonomiese resessie in die gesig kan staar as gevolg van die huidige elektrisiteitskrisis. Die land beleef reeds 'n ekonomiese afplatting. Die elektrisiteitskrisis kan die land in 'n resessie dompel. Die SA kamer van Handel en Nywerheid se ekonoom maak 'n voorspelling, wat hy baseer op die verlies aan produksietyd. Hy voorspel dat verlore produksietyd as gevolg van gereelde kragonderbrekings en die gepaardgaande werk wat gedurende daardie tyd deur die onderneming verrig moes word, nooit ingehaal kan word nie. Sacci se Hoof-uitvoerende beampte sê dat indien die elektrisiteitskrisis nie behoorlik bestuur word nie en as korttermyn inisiatiewe nie werk nie, sal die land se ekonomie groot probleme hê.

Bron: Daily Dispatch, 7 Februarie 2008 (Vryelik vertaal en aangepas)

6.3.1 Definieer 'n sakesiklus. (3)

6.3.2 Uitgesluit die resessie, identifiseer die ander fases in 'n sakesiklus. (6)

6.3.3 Waarop, volgens die uittreksel, word die voorspellings van 'n resessie gebaseer? (3)

6.3.4 Verduidelik hoe die staat mag inmeng gedurende 'n resessie. (6)

6.3.5 'Die elektrisiteitskrisis kan die land in 'n resessie dompel.' Is dit 'n eksogene of endogene veranderlike? (2)

6.4 Verduidelik kortliks die doelwitte van die mededingingsbeleid en onderskei tussen die Mededingingskommissie en die Mededingingstribunaal. (16)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 7 (LU1: MAKRO-EKONOMIE, AS3)

*Meeste van ons ervaar 'openbare sektor mislukking' van een of ander aard. Byvoorbeeld: Wag tevergeefs vir 'n staatsamptenaar om die telefoon te beantwoord, staan in lang rye by kantore, wag eindeloos vir paspoorte, en die lys gaan aan. Maar wanneer ekonome van regeringsmislukkings praat, het dit 'n ander betekenis.*

*Ekonomie Gr 12 UGO vir VOO*

Bespreek in detail die kenmerke, redes en uitwerking van openbare sektor mislukking. **[50]**

### VRAAG 8 (LU1: MAKRO-EKONOMIE, AS4)

*"In vandag se wêreld bestaan geen nasie in ekonomiese isolasie nie. Alle aspekte van 'n land se ekonomie is verbind tot die ekonomieë van sy handelsvennote."*

Neem bogenoemde stelling in ag en bespreek die redes vir internasionale handel. **[50]**

### VRAAG 9 (LU2: MIKRO-EKONOMIE, AS3)

*"Die monopolis is 'n prysmaker omdat hy pryse kan beïnvloed deur hoeveelhede te beperk. Dit beteken nie dat hy beide prys en hoeveelheid kan beheer nie, want hy moet die wet van vraag in gedagte hou. Die monopolis kan egter die kombinasie van prys en hoeveelheid wat hom die beste pas, kies."*

Met verwysing na bogenoemde, verduidelik winsmaksimalisering in 'n monopolistiese mark met behulp van grafieke. **[50]**

### VRAAG 10 (LU3: EKONOMIESE STREWES, AS2)

*"Die regering se nywerheidsbeleid strewe na 'n balans tussen groter deursigtigheid en verbetering in plaaslike mededingendheid. Suid-Afrika het groot stappe geneem om die plaaslike ekonomie aan internasionale mededinging oop te stel."*

Neem bogenoemde stelling in ag en verduidelik Suid-Afrika se nywerheid-ontwikkelingsbeleide ten volle, met verwysing na die 'ROIs' en 'Aansporings'. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C : 100**

**GROOTTOTAAL: 300**